

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 12

24 Maart 2024



Christus van die Pasga

Lukas 22:8 lui: “Toe stuur Hy Petrus en Johannes en sê: Gaan berei die pasga vir ons, dat ons dit kan eet.” Dit was vir Jesus paslik dat Hy en Sy volgelingen hierdie fees, die Joodse Pesach, of Pasga, vier. Wat is die betekenis van hierdie fees en hoekom het die Messias dit as die Laaste Avondmaal saam met Sy dissipels gevier?

Gedurende die agt dae van Pesach word net ongesuurde brood geëet. Pesach is die verhaal van hoe God die volk Israel van slawerny uit Egipte gered en hulle ‘n nuwe lewe van vryheid geskenk het, tesame met die belofte van ‘n erfenis. Die Engelse woord Passover verwys na die feit dat die Israeliete se huise oorgeslaan is die nag toe die Here alle eersgeborenes van Egipte laat sterf het. Tydens hulle vlug uit Egipte het die Israeliete min tyd gehad om te bak en hulle het haastig ongesuurde brood voorberei - Eks 12:39. Paulus het suurdeeg simbolies met sonde vergelyk - 1Kor 5:7. Die ongesuurde brood wat vandag gebruik word, word matzah of matzo genoem; dit is ‘n harde plat brood en vol gaatjies.

Tydens die Pesach – aandete breek die vader van die huis die matzah in twee stukke, seën dit, vou dit in ‘n wit doek toe en steek dit weg. Dit staan bekend as die afikoman (dit wat later volg). Die kinders moet die brood soek en die een wat dit vind, word deur die pa beloon. Volgens die Bybel het Jesus op die aand van die Laaste Avondmaal ooreenkomstig die tradisie van Pesach die matzah opgelig en ‘n seën daarvoor uitgespreek, maar toe bygevoeg: “Dit is My liggaam wat vir julle gegee word,” - Luk 22:19.

Die Pesach-ete staan ook as die Seder bekend, wat “orde” beteken; die maaltyd verloop seremonieel in ‘n spesifieke volgorde. ‘n Deel van die tradisie is om vier bekere wyn op die tafel te plaas, elk met sy eie naam en simboliese betekenis. Lukas vertel dat Jesus ná die maaltyd ‘n beker geneem en gesê het: “Hierdie beker is die nuwe testament (verbond) in My bloed wat vir julle uitgestort word” – Luk 22:20. Die derde beker wat as deel van die Seder ná die ete geneem word, staan bekend as die “Beker van Verlossing”. Jesus het die matzah en die “Beker van Verlossing” gebruik as boodskap aan Sy dissipels - dit sou ‘n belangrike boodskap vir die hele wêreld word. Toe Jesus die ongesuurde matzah vol gaatjies geneem het – simbolies van Sy gekneusde, sondelose, deurboorde liggaam – het Hy dit in twee gebreek en gesê: “Dit is My liggaam.” Is dit moontlik dat ‘n sondelose liggaam wat gekneus, deurboor en gebreek is en in wit doeke toegedraai en verberg is – net soos die afikoman – later weer moet terugkeer? Dit klink baie soos ‘n Man wat sonder sonde begrawe is en later teruggekeer het as die opgestane Messias, die Verlosser van die wêreld. Die derde beker was die vervulling van Jeremia, die Joodse profeet se woorde – Jer 31:31-33. Jesus het hierdie fees gebruik om ons te leer dat Hy die Paasoffer is wat na die wêreld gestuur is om deur Sy gebroke liggaam en uitgestorte bloed ons weer met God te versoen. Hy is ons Christus van die Pasga. – A. Friedman

Dankie!

Vir Jesus, die Offerlam wat ons losgekoop het met Sy bloed en liggaam van die mag van sonde en uit die koninkryk van duisternis!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir die stemdag en aanloop daarna toe.

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Ockie Fourie |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Tannie Poppie Rheynecke |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Amoré Alberts |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | Jaap Naude |
| • Willie Britz | Flippie Roslee |
| • Rudi Kruger | |

Ons innige medelye met die familie en vriende, met die afsterwe van Ria Putter.

Gedagte vir die week

Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal My Woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagtes vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. – Jer 31:33

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org